## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

**Sondag:** Lisa Bosch, Mari Buys, Adriana Havenga, Kira Pretorius, Jameson Paxton.
**Maandag**: Hennie Briedenhann, Daan Brink, Sherylle Calder, Mateo de Freitas Bassoli, Lynette Niemand.
**Dinsdag:** Francois Burrows, Arrie Sauermann.
**Woensdag:** Suria Rossouw, Jackie Scholtz, Kobie Vermeulen.
**Donderdag:** Christo Bester, Nick Erasmus, Willem Thirion, Rassie Visser.
**Vrydag:** Mari de Freitas Bassoli, Lindsey Fourie, Santie Potgieter, Johan Westraat
**Saterdag:** Corné Human, Carlé Malan, Salome Mostert, Eunice Pfeifer, Eben Rörich.

**LOSLITDAG - 6 SEPTEMBER 2024**
Loslitdag is n nasionale inisiatief om bewustheid te kweek van mense met gestremdhede. Rusthof Skool in die Strand is n skool vir leerders tussen vyf en 18 jaar wat intellektueel gestremd is en/op die outistiese spektrum is. Die skool kry n gedeelte van die fondse van elke plakker wat verkoop word. **Plakkers beskikbaar by die kerkkantoor @ R20**.

## BESTUURDER: ARGIEF
Sinode van Wes-Kaapland

Die NG Kerk van Suid-Afrika stel hi-ermee 'n vakature bekend vir 'n voltydse Bestuurder: Argief posisie, standplaas **Stellenbosch-kantoor.** Die geskikte persoon sluit in iemand wat beskik oor die vermoë om die Argief doeltreffend te bestuur .
**Sluitingsdatum: 27 Augustus**
Meer inligting verkrygbaar by die Kerkkantoor tel 021 852 5004.

**HELDERBERG SENIORKLUB BYEENKOMS:** 3 September om 9:00
By NG Kerk Helderberg - Almal welkom!
Vier dames en lede van die Stellenbosch se Troubadours verskaf vermaak met klavier, viol, tjello en sang.


**Leraars:** Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
**Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**Telefoon:** 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**Direkte Erediens-uitsendings:** **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
**YouTube adres:** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
**Potgooi:** https://bit.ly/3SXY7FI

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 25 AUGUSTUS 2024**

## *WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS*



09:00: HENNIE FOUCHÉ
SKRIFLESING: OPENBARING 6:9 - 11 (EN ANDER GEDEELTES
TEMA: DIE OLIMPIESE SPELE HERINNER DAT ONS WENNERS IS

## Welkom aan die Helderberg Gemeenskapskoor
wat vanoggend deelneem aan ons erediens

Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.

**Vandag se deuroffer: Heartlands Baby Sanctuary**

Jong kinders en babatjies wat fisies-, seksueel mishandel, verwaarloos, wees, wangevoed, siek, kinders met intelektuele probleme en matige gestremdhede word soms verwerp deur hulle families en word aan hulle eie lot oorgelaat. Dink jou vir `n oomblik in so `n situasie in . . . Tog gebeur dit in ons land en om voor te gee dit nie bestaan nie, sal dit nie laat verdwyn nie.
Hierdie getraumatiseerde, verwerpte kinders word deur Heartlands Baby Sanctuary ingeneem. Spesifieke individuele terapie en versorging word aan elke kind gegee sodat hulle weer `n gevoel van veiligheid, liefde en selfvertroue kan ontwikkel.
Heartlands Baby Sanctuary bied residensiële holistiese korttermyn versorging vir kinders wat deur maatskaplike werkers of polisie van hulle ouers se sorg verwyder word of kinders wat wees gelaat is. Alle kinders word deur middel van `n hofbevel by Heartlands geplaas. Heartlands versorg 25 kinders van geboorte tot 6 jaar op `n gegewe tyd totdat hulle weer teruggeplaas word by hulle familie of in pleegsorg of aangeneem word of in`n ander langtermyn kindershuis geplaas word.
Heartlands is in Mei 2015 gestig en het gedurende die afgelope 9 jaar sowat 400 kinders versorg en weer terug geplaas by `n liefdevolle familie.
Vir verdere inligting kontak Monica Buitendag by Heartlands op 021 852 3527 of monica@heartlandsbaby.org

**Volgende week se deuroffer: Instituut vir die Dowes**

## Bybelstudie-geleenthede gedurende die week:

Ons bestudeer tans die Bybelboek Nehemia - en jy het die geleentheid om op een van drie plekke en tye daarby in te skakel:

- Dinsdagaande 19:00 - 20:00 in die Familiekamer
- Woensdagoggende 08:45 - 09:45 in die Familiekamer
- Woensdagoggende 10:00 - 10:45 by Huis Vonke

Raak gerus deel van een van hierdie groepe. Sodoende leer ken jy meer gemeentelede en beleef die saam-wees van gelowiges, en jy ervaar die voorreg om saam met mekaar die Bybel te lees en te ontdek.

Daar is ook ander Bybelstudiegroepe / Omgeegroepe wat gedurende die week by mekaar se huise ontmoet. Kontak gerus die kerkkantoor as jy by een van hierdie groepe wil inskakel.

Omgeegroepe / Bybelstudiegroepe kan gerus vir Yolandi by die kantoor laat weet van julle bestaan, en ook wie die kontakpersoon is, sodat ons belangstellende mense na julle kan verwys.

**#opWeg in die week**
**(20-30-jariges) Woensdae 19:00 in Familiekamer**

## Gemeentelede kuier saam en leer ken Mekaar

Een van die geleenthede waar ons mekaar kan leer ken, is om op (sommige) Dinsdagoggende met mekaar te kom kuier in ons Familiekamer (die lokaal agter die preekstoel - met die buitedeur wat op die parkeerterrein uitgaan). Enigiemand is welkom daar. Elke keer is daar ander mense - wat beteken jy kan meer as een keer kom, sodat jy nóg meer mense kan leer ken.
Die volgende van hierdie byeenkomste is Dinsdag 3 September, 10:00 - 11:30. Kontak gerus die kantoor vir meer inligting, of daag net daar op.



## Proses om 'n tweede dominee te beroep

Die gemeente is tans besig met die proses om 'n dominee te beroep - om die vakature te vul wanneer ds Ewald aan die einde van Februarie 2025 die einde van sy dienstermyn bereik.
Die geleentheid om aansoek te doen vir die pos het nou gesluit en die diensgroep wat deur die Kerkraad aangewys is om 'n kortlys op te stel, is tans besig om daardeur te werk.
Laat ons nie moeg word om te bid vir elke lid van die diensgroep en vir die kerkraad wat hierdie taak namens die gemeente verrig nie.




**Bestanddele nodig:**
**Maalvleis, spek, bakpoeier, uie, tee, botter.**
**Produkte nodig:**
**Beskuit, koekies, terte, koeke, spensgoed, handgemaakte produkte. PLANTJIES VIR DIE KWEKERY & WIT OLIFANTE**

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.